

Graad I

Datum: 15 Mei 2020

Titel: Graad I Lewensvaardigheid 15 Mei 2020

Tema: Veiligheid in die huis (2)

LES INHOUD

Môre maatjies,

Ons juffrouens gaan al Maandag terug skool toe om alles gereed en veilig te kry vir julle. Ongelukkig mag julle nog nie skool toe kom nie en nou mis ons juffrouens julle net meer en meer. Stuur asb. deur die week vir ons foto'tjies van hoe julle werk.

Ons tema is: VEILIGHEID IN DIE HUIS.

Vandag se aktiwiteite hoef nie geprint te word nie, jy kan dit alles mondelings voltooi.

As jy dit wel print, kan jy:

Aktiwiteit 1 se antwoorde uitknip en plak onder die regte opskrif.

Aktiwiteit 2 kan jy alles wat onveilig is omkring.

Aktiwiteit 3 is sommer 'n LO lessie vir die pret. Jy moet 'n hindernis bou en so vinnig as wat jy kan daardeur beweeg.

Lekker werk en lekker speel.

Bly veilig!

LES AKTIWITEITE

Aktiwiteit 1:

Gesels 'n bietjie oor wat jy moet doen as daar 'n vuur in jou huis, of by die skool is. Kyk dan na die aktiwiteit en besluit wat jy moet doen as daar 'n vuur is, en ook wat jy nie moet doen as daar 'n vuur is nie.

Wat moet ek doen as daar 'n vuur is?	
Ek moet...	Ek moet nie...
vinnig uit die huis gaan	binne die huis wegkruip
binne en laag op die grond bly	bel 1011 sodra ek veilig buite is
weet van twee uitgange	terug gaan binne toe

Aktiwiteit 2:

Wys al die onveilige dinge in die prentjie hieronder.



Aktiwiteti 3:

Bou 'n hindernisbaan binne of buite die huis. Gebruik jou verbeelding en wat jy tot jou beskikking het.

Bv.

Hindernisbaan uitpak	Aksies om uit te voer
Pak 5 stoele uit in 'n ry.	Jy moet bo-oor een, dan onderdeur die volgende een kruip, herhaal
Sit 'n boontjiesak na die stoele en 'n hoepel so 3 treë verder.	Jy moet die boontjiesak gooi tot in die hoepel.
Pak daarna 10 plastiekglasies uit in 'n ry.	Spring met twee voete (soos 'n hasie) bo-oor die glasies.
Sit jou hokkiestok en bal na die glasies en sit 'n leë koeldrankbottel so 5 treë verder.	Dribble die bal tot by die koeldrankbottel en dan 2 keer om die bottel.
Laaste sit jy jou tennisraket en 'n tennisbal neer en dan 'n paar plastiekbakkies in 'n ry.	Jy moet jou tennisbal bons op die raket terwyl jy links-regs-links-regs om die bakkies stap.
	Hardloop terug en herhaal 'n paar keer. Onthou om vir Pappa/Mamma te help om alles weer te bêre.